

Christus ons lewe

Uittreksel van Pastoor Nesor se boodskap: B134b Eng/Afr.

Skriflesing uit: Joh.10: 1-28

Kernvers: 7,28 – ‘Jesus het toe weer vir hulle gesê: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, Ek is die deur van die skape ’ en v 28: - ‘En Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie’.

Daar is ‘n besondere uitdaging vir die kinders van God in hierdie dae. Dis asof die dood oral wil inkom, so ook in die kerk - maar dit is ‘n geestelike doodsheid. Ons hoor van so baie vreeslike dinge dat ons dit amper nie meer wil hoor nie en ons raak afgestomp.

Daarom is die uitdaging toegespits op ons harte en hoe kan ons die Here dank dat ons dit met blydschap kan aanvaar, want ons hoef dit nie te fabriseer nie omdat Christus ons lewe en ons lig IS. Hierdie is nie so ‘n groot geheim dat ‘n mens daarmee hoef te worstel nie, maar deur net toe te laat dat Christus Sy lewe in my en deur my kan lewe. Dit is ‘n lewe wat homself sal kom lewe in my. Jesus wat in my en deur my sal lewe!

Ongelukkig laat ons Hom so min toe om dit te doen – ons staan so baiekeer in die pad, omdat ons so dikwels self wil ingryp. Insteede daarvan dat ons toelaat dat Jesus Sy lewe in ons kom lewe.

Vir diegene wat egter nog nie eers gered is nie, moet hulle nog daardie deur oopmaak. U moet eers vir Jesus laat inkom – Hy dwing Homself op niemand af nie. Die Almagtige God kan ons aan die nek vat en ons dwing om te maak soos Hy sê.

Dan sal ons nooit iets verkeerd doen nie, geen sonde doen nie, niemand leed aandoen nie, maar ons sal wees soos ‘n dooie voorwerp. God wil dit nie hê nie! Hy wil ‘n lewende siel hê om Hom te dien omdat hy dit wil doen en omdat hy Hom liefhet.

Hiervoor het Jesus Sy lewe gegee – nie net om ons te red van ons sondes en die hel nie, maar sodat ons vir Hom kan LEWE!